

SIT DIE WINTER KOUD

Speel klaar met die koue en brei dié truie in natuurlike winterkleure. Dié twee truie is deur Saprotex International geborg. Saamgestel deur Linda Laubscher

Afkortings

alt - alternatiewe
aw - brei aweregs
beg - begin
d-rif - dubbelrif, r2, aw2
herh - herhaal
kn - kabelnaald
N(e) - naald(e)
oorbl - oorblywende
pat - patroon
r - brei regs
rs - reksteek, elke ry regs
R(V)K - regte (verkeerde) kant van werk
rif - riffelsteek, r1, aw1, deurgaans
st(e) - steek(steke)
tes - tesame
vermeer - vermeerder, brei 2 keer in vlg st
vermin - verminder, brei 2 ste tesame
vlg - volgende
weersk - weerskante

HERFSTRUI Benodigdhede

Pingouin DK (5 g-bolle). Classic: 7(8;9) bolle Moss Green (kleurnr 87, A) en 2(3;3) bolle Oasis (48, B). Rustica: 2(3;3) bolle Kilt (04, C); 1 paar breinaalde van 4,00 mm; 1 kabelnaald van 4,00 mm; 2 stekehouders; 5 tweepuntnaald van 3,50 mm.

Mate

Pas borsmaat 82-87(92-97;102-107) cm lossies; ware grootte 105(110;115) cm; ruglengte 62(64;66) cm; moulengte 48(49;50) cm.

Spanning

22 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek gebrei met 4,00 mm-breinaalde en kontras-

kleur aan agterkant ingeweef. Die regte spanning is uiters belangrik; indien daar te min steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

Afkortings

k6a - kabel 6 ste agterlangs: plaas 3 ste op kabelnaald en hou aan agterkant van werk; brei vlg 3 ste terwyl jy telkens ekstra lus laat val, brei vlg 3 ste en laat val telkens ekstra lus, brei die 3 ste op kn en laat ekstra lus val soos tevore.
k6v - soos K6A, maar hou kn aan voorkant van werk.
Ñ - verleng hier deur meer rye ks te brei, indien nodig.

Agterpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 116(122;128) ste op.

1E (RK-) RY: Deurgaans r.
2e ry: r1, r tot 1 st oorbly en draai breidraad by elke st 2 keer rondom N, r laaste st.
3e ry: r1, *k6a; herh van * tot laaste st, r1.
Brei 2 rye r.
6e ry: r4, r tot voor laaste 4 ste en draai breidraad vir elke st 2 keer om N, r4.
7e ry: r4, *k6v; herh van * tot laaste 4 ste, r4.
8e ry: Deurgaans r.
Herh dié 8 rye nog 2 keer.
Vlg 2 rye: r

VIR 82-87 CM-GROOTTE: Beg in vlg ry met pat volgens dia; onthou om dadelik die kontras-kleur oor hele ry aan agterkant in te weef om egalige spanning te verkry.

VIR 92-97(102-107) CM-GROOTTE: Brei 4(8) rye ks, beg met 'n r-ry voor met blaarpant begin word, maar weef dadelik B aan agterkant in

om egalige spanning te verkry. Brei dus die eerste 4(8) rye ks met aan voorkant A en B aan agterkant saamgevoer - volg daarna dia Ñ.

LEES DIAGRAM SÓ: Die 1e ry is 'n r-ry. Lees r-rye van regs na links en aw-ry van links na regs.

Brei blaarmotiewe so: Elke ry word op dia aangegee en agtergrond bly deurgaans A.
BREI BLARE SÓ: Heg B vas en brei 1e 2 rye van blaarpant met B. Heg dan C vas sonder om B af te knip, brei 2 rye van blaarpant met C. Deur die hele pant word die kleure elke 2 rye afgewissel.

1E RY OP DIA: Kleurplasing: r37(39;41)A, 1B, 52(54;56)A, 1B, 25(27;29)A. In die eerste ry van blaarmotief is daar dus net één blaar-st van elke blaar. Brei tot 40e ry, volgens dia, voltooi is.

BEG 2E BLAARPANTSTROOK: Dit beg by kol op dia en gebruik kontraskleur B of C, hou deur die kleurstrepe van 2 rye elk deurlopend. Volg dia.
41e ry: r12(14;16)A, 1B/C, 1A, 5B/C, 1A, 2B/C, 15A, 1B/C, 27(29;31)A, 1B/C, 1A, 5B/C, 1A, 2B/C, 15A, 1B/C, 25(27;29)A.

42E RY: Die 1e strook blare word hierin voltooi; volg dus weer dia van 2e ry om 2e strook blare te brei. Wanneer die 41e ry op dia vir die 2e keer bereik word, moet 3e blaarstrook beg word soos uiteengesit vir 2e strook.

Voltooi 3e strook blare, maar moenie 'n 4e strook beg nie.**

Brei nog 3 rye ks ná laaste ry van 3e ry blare en hou tot einde van stuk breiwerk vol om B aan agterkant in te weef.

Hals- en skouervorming, vlg (RK-) ry: r40(41;42), draai. Vermin 1 st aan beg van vlg ry (=halsrand) en daaropvlg 2 alt rye.

VLG RY: Heg lossies oorbl 37(38;39) ste af. Plaas middelste 36(40;44) ste op 'n stekehouer.



Voltooi 2e skouer om met 1e skouer ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

Voorpant

Soos agterpant tot by **.

HALSVORMING: beg by 45e ry van 3e strook blaarpant.

45E RY: hou blaarpant deurlopend en r47(48;49), draai. Heg 3 ste af aan beg van vlg ry (=halsrand), aw tot einde.

VLG RY EN ELKE DAAROPVLG ALT RY: Deurgaans r.

Vlg 2 aw-rye: Heg 2 ste af aan beg van ry.

Vlg 3 aw-rye: Vermin 1 st aan beg van ry.

Heg oorbly 37(38;39) ste lossies af. Plaas middelste 22(26;30) ste op stekehouter. Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi om met eerste kant ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

Moue (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 50(56;62) ste op.

1e (RK-) ry: Deurgaans r.

2e ry: r1, r tot laaste st en draai breidraad vir elke st 2 keer rondom N, r1.

3e ry: r1, *k6a; herh van * tot laaste st, r1.

4e en 5e ry: Deurgaans r.

6e ry: r4, r tot laaste 4 ste, draai breidraad vir elke st 2 keer rondom N, r4.

7e ry: r4, *k6v; herh van * tot laaste 4 ste, r4.

8e ry: Deurgaans r. Herh die 8 rye nog 1 keer.

Vlg 2 rye: Deurgaans r.

Vlg (RK-) ry: Begin om B aan agterkant in te weef en vermeer 6 ste eweredig oor die ry = 56(62;68)ste.

Brei nog 1(5;9) rye ks voordat met blaarpant volgens dia begin word. Terselfdertyd, vermeer 1 st aan weerskante van elke 4e ry tot 90(96;104) ste en daarna vermeer 1 st aan weerskante van elke 6e ry tot 100(106;112) ste.

1e ry volgens dia: r33(36;39)A, 1B, 22(25;28)A. Volg hierna dia. Let daarop dat slegs 1 blaarpant ingebrei word, daar is dus slegs 1 blaarpunt van 1 st in dié ry. Volg dia en kleurvolgorde van B en C soos op voorpant, voltooi 1e blaarpant. Ignoreer die kolletjie in 41e ry van dia waar by VP en AP met 'n 2e blaar beg word; in 47e ry is 'n spasie wat / gemerk is.

Hier beg 1e ry van 2e blaarpant; voltooi dit vol-

gens dia, brei tot mou 48(49;50) cm lank is, heg lossies af.

Afwerking

Werk skouernate toe, werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

HALSBOORDJIE: Gebruik 3,50 mm-tweepunt-breinaalde en A, brei 36(40;44) ste op stekehouter aan AP, tel 25 ste uit skouernaat op, brei 22(26;30) ste van stekehouter aan VP, tel nog 25 ste uit 2e skouerrand op - 108(116;124) ste.

1E EN 3E RY: Deurgaans aw.

2E RY: Deurgaans r.

4E RY: d-rif. Brei nog 13 rye d-rif (14 rye altesaam) en heg lossies af. Werk af. Kyk op verpakkingsbandjie vir was- en parsaanwysings.

ONTWERP EN GEBREI DEUR CAROLIEN SAAYMAN. VIR NAVRAE OOR PATROON BEL 083-449-0168.

GERUITE KNOOPTRUI Benodigdhede

Deurgaans 50 g-bolle: Elle Persia, 2 bolle elk in Sandalwood (kleurnr 06, A); Sahara (05, C); Black Wood (04, E); Elle Mohair 2000, 2 bolle White (01, D); Pingouin Panache Mohair, 2 bolle Noisette (38, B); 1 paar elk 4,00 mm- en 4,50 mm-breinaalde, 4,00 mm-rondbreinaald, 1 stekehouter.

Mate

Pas borsmaat 82-87(92-97;102-107) cm; ruglengte 66(70;74) cm; moulengte 43(45;47) cm.

Spanning

18 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor reksteek met 4,50 mm-breinaalde.

Agterpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 94(104;114) ste op. Brei 3 cm rif. Met RK voor, slaan oor na 4,50 mm-Ne en rs. Brei strepe van 2 rye A, B, C, D en E tot pant 45(47;49) cm lank is.

MOUSGATVORMING: Heg 4(5;6) ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 76(82;88) ste oorbly. Brei reguit voort tot werk 65(69;73) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

SKOUERVORMING: Heg 22(24;26) ste af aan beg van vlg 2 rye. Plaas oorbl 32(34;36) ste op 'n stekehouter.

Regtervoorpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 48(52;58) ste op. Brei 3 cm rif. Met RK voor, slaan oor na 4,50 mm-Ne en rs, brei strepe soos vir AP tot pant 45(47;49) cm lank is, eindig met 'n VK-ry. Hals- en skouervorming, vlg ry: r2tes, r tot einde.

VLG RY: Heg 4(5;6) ste af, r tot einde. Vermin 1 st aan halsrand van vlg ry en elke daaropvlg alt ry nog 3(1;2) keer, dan elke vlg 4e ry tot 22(24;26) ste oorbly. Vermin terselfdertyd 1 st aan mousgatrand van vlg ry en elke daaropvlg alt ry vir 5(6;7) keer. Brei reguit voort tot mousgat so lank soos dié van AP is en heg af.

Linkervoorpant

Soos regtervoorpant, maar met omgekeerde vorming.

Moue (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 44(50;56) ste op. Brei 3 cm rif. Met RK voor, slaan oor na 4,50 mm-Ne en rs, brei strepe soos vir AP, vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van 5e ry en elke daaropvlg 6e ry tot 80(88;98) ste. Brei reguit voort tot tot werk 43(45;47) cm lank is, eindig met 'n VK-ry.

Moukoppvorming

Heg 4(5;6) ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 32(34;36) ste oorbly. Heg af.

Afwerking

Werk skouernate toe.

Voorpantstroke en halsboordjie (word aaneen gebrei); met RK voor en 4,00 mm-rondbreinaald beg by onderpunt van regtervoorpant, tel op en r 147(157;167) ste eweredig gespaasieer, uit regtervoorpantrand, r 32(34;36) ste van stekehouter en r 147(157;167) ste uit linkervoorpantrand - 326(348;370) ste. Brei 4 cm rif en heg rifsgewys af. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe. ¶

DIAGRAM OP ONS WEBWERF BESKIKBAAR: www.rooirose.co.za of kan bestel word by Jacomien (011) 889-0665.